DAG 78-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN DIT

Joh 2:5 Sy moeder sê vir die dienaars: Net wat Hy vir julle **sê**, moet julle **doen**.
Joh 2:7 **Jesus sê** vir hulle: …... En **hulle het** …….
Joh 2:8 En **Hy sê** aan hulle: Skep nou uit en bring dit vir die hoofdienaar. En **hulle het** dit gebring.

MESSAGE - Joh 2:5 She went ahead anyway, telling the servants, "**Whatever He tells you, do it**."

Skepper van hemel en aarde, Here vergewe ons waar ons ongehoorsaam was in die verlede en help ons om U stem en U woord te gehoorsaam selfs al is dit teenstrydig met ons tradisie of hoe ons voorheen geglo het. Selfs al sou ons nie verstaan nie, help ons om U te vertrou want U weet beter. U alleen is 'n genadige God. Stort weereens u Gees oor hierdie gemeente en ons land uit, sodat U Naam geëer kan word.

Psa 103:20-22 Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord! Loof die HERE, al sy leërskare, sy dienaars wat **sy welbehae doen**! Loof die HERE, al sy werke, op al die plekke van sy heerskappy! Loof die HERE, o my siel!

Miskien moet ons iets leer by die engele van God.
Die engele van God ken die vreugde van gehoorsaamheid aan God .... en die Satan ken die prys van ongehoorsaamheid en opstandigheid teen God

Stof tot Nadenke…

Die prys van heiligheid is afsondering van die wêreld. Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

Onophoudelike Gebed:

Vader, vergewe my as ek u naam oneer aangedoen het.

DAG 79-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN DIT

Act 22:10 En ek het gesê: **Wat moet ek doen, Here**? En die Here het vir my gesê: Staan op en gaan na Damaskus, en daar sal jou vertel word alles wat **aan jou opgedra is** om te doen.

Act 22:10 Toe vra ek: 'Wat moet ek doen, Here?' Die Here sê toe vir my: 'Staan op en gaan na Damaskus toe. Dáár sal alles vir jou gesê word **wat God bepaal het** dat jy moet doen.'

AMPL - Act 22:10 And I asked, **What shall I do, Lord**? And the Lord answered me, **Get up and go** into Damascus, and there it will be told you all that it is

1. destined …(BEPAAL)…..and ….
2. appointed (OPGEDRA) for you to do.

Eph 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

Hemelse Vader , help ons om te ontdek wat dit is wat U alreeds vir ons voorberei het om te doen ; Vergewe ons waar ons , onself begewe het in dit wat "ONS DINK" gedoen behoort te word, en help ons dit te doen wat U van ons vra, en aan ons opdra om te doen. Help ons om te weet dat U nooit iets van ons sal vra waarvoor U ons nie Voorberei, Toegerus het en Krag gegee het om te doen nie.

Stof tot Nadenke…

Alternatiewe vir herlewing:

1. Skuil agter die front van opwinding en aktiwiteit, terwyl die gemeente brandend gehou word op beloftes en voorwendsels.
2. Koop of bou 'n imposante gebou.
3. Verdiep jouself in die maatskaplike behoeftes van die gemeenskap.
4. Betree die wêreld van bemarking en bestuur.

Uittreksel:
Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Vader in die hemel, wees ons genadig.

DAG 80-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN DIT

Heb 10:36 Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God **gedoen** het, die belofte te verkry.

AMPL - Heb 10:36 For you have need of steadfast patience and endurance, so that you may **perform** and **fully accomplish** the will of God, and thus **receive** and **carry away** [*and enjoy to the full*] what is promised.

MESSAGE - Heb 10:36 But you need to stick it out, staying with God's plan so you'll be there for the promised completion.

Soewereine Here, help ons om genoeg geduld te openbaar om die wil van God te doen en BLY DOEN totdat ons die eindresultaat beleef het. Van die God wat dit belowe het is getrou (**Heb 10:23**) ; Ons weet ook volgens **Num 23:19** *dat God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?*

Fil 1:6 Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

Gal 6:9 Laat ons dan **nie moeg word om goed te doen nie**, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.

Don't Give Up ,
You're on the brink of a miracle

Stof tot Nadenke…

My een doel in die lewe is om persoonlike heiligheid te verkry, want daarsonder kan ek nie ander aanspoor om heilig te leef nie. – John Wesley.

Onophoudelike Gebed:

Here God, ek verneder myself voor U.

DAG 81- Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN DIT

1Joh 2:17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar **hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.**

1Joh 2:17 …….; but he who **does the will of God** and **carries out His purposes** in his life abides (remains) forever.

MESSAGE -1Joh 2:17 …..--but whoever **does what God wants** is set for eternity.

Vader, ons getuienis en die werke wat ons doen moet vir ewig kan staan volgens U woord in **Mat 7:24-25** :
Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.

En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots.

So bid ons dat ons nie net tydelike goeie tye beleef wat 'n kort rukkie duur en daarna verdwyn nie, maar dat die Herlewing en die nagevolge daarvan VIR EWIG SAL BLY.

Stof tot Nadenke…

Prediking tydens herlewing is nie altyd innemend, beskaafd, of selfs welsprekend nie, maar dit is altyd kragtig.
Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

My Here, ek soek u aangesig.

DAG 82-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN DIT

Mat 28:19 **Gaan dan heen**, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

AMPL - Mat 28:19-20 Go then and make disciples of all the nations, baptizing them into the name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit, Teaching them to observe everything that I have commanded you, ……

MESSAGE - Mat 28:19 Go out and train everyone you meet, far and near, in this way of life, marking them by baptism in the threefold name: Father, Son, and Holy Spirit.



Heilige God, as ons U sien vir wie U werklik is, sal ons U aanbid vir wie U is, en dan sal ons in die posisie wees om U stem beter te kan HOOR. Help ons nou nadat ons U stem gehoor het om te doen wat U vra en sodoende deel te wees van die Herlewing wat U stuur.

Stof tot Nadenke…

Die rede hoekom daar deesdae so min bekering in ons gemeentes is, is nie net omdat ons preke nie teen sonde gerig is nie, maar omdat ons God nie onder ons beleef nie.

Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H.Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Vader, moenie u gesig vir my verberg nie!

DAG 83- Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

Mat 25:42-45 Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was ‘n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ‘n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê:

Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit **nie gedoen het** aan een van hierdie geringstes nie, het julle **dit aan My ook nie gedoen nie.**

Mar 9:41 Want elkeen wat vir julle in my Naam ‘n beker water **gee** om te drink, omdat julle aan Christus behoort, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.

Mar 9:41 For I tell you truly, whoever **gives** you a cup of water to drink because you belong to and bear the name of Christ will by no means fail to get his reward.

Soewereine Here, ons bid dat ons nie net hoorders van die woord sal wees nie, maar ook daders van die woord. Raak ons harte aan dat Jesus vir hierdie wereld kan wees, en dat ons U aan selfs die geringstes sal openbaar.

Stof tot Nadenke…

‘n Heilige prediker is ‘n skrikwekkende wapen in die hande van God. – **Robert Murray McCheyne.**

Onophoudelike Gebed:

Vader God, stort weer u Gees opnuut oor ons uit.

DAG 84-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

*Nee, **beywer** julle allereers vir die koninkryk van God en vir **die wil van God**, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee (Matt.6:33).*

AMPL - Mat 6:33 **But seek (aim at and strive after)** first of all His kingdom and His righteousness (His way of doing and being right), and then all these things taken together will be given you besides.

MESSAGE - Mat 6:33 Steep your life in :

1. God-reality,
2. God-initiative,
3. God-provisions.

Don't worry about missing out. You'll find all your everyday human concerns will be met.

Yahwe Yireh (Here, ons Voorsiener), ons erken dat wanneer ons na u wil soek, ons dit dikwels baie ernstig doen, maar tot ons eie voordeel. Selfs in ‘n bediening wil ons gewoonlikhê dat U alles op ons manier moet doen, en selfs dat U met ons moet saamwerk ter wille van u Naam! Vergewe ons ons selfgesentreerdheid! Leer ons wat dit beteken om eers u koninkryk en u wil te soek, voordat ons vir onsself begin bid.

> Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. **Is julle nie baie meer werd as hulle nie? -** Mat 6:26

Stof tot Nadenke…

As jy ‘n kerkleier is, weet dan dat God jou verantwoordelik gaan hou vir die geestelike toestand van jou kerk.

Uittreksel: Revival, God’s way deur Leonard Ravenhill.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, help my om u koninkryk te soek en nie my eie nie.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos ‘n mens rouklaag oor ‘n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos ‘n mens bitterlik ween oor ‘n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van Hadad-Rimmon in die laagte van Megiddo. En die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik; die geslag van die huis van Dawid afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die geslag van die huis van Natan afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; Sag 12:10-12

“Dit het vir my gelyk asof die profesie uit **Sagaria 12:10-12** in vervulling gegaan het, want daar was nou ‘n groot rouklaag, soos die ‘getreur oor Hadad-Rimmon’, en dit het gelyk asof elkeen ‘afsonderlik treur’. Ek het gedink dat dit baie soortgelyk is aan hoe dit sal wees op die dag van God se krag, soos genoem in Josua 10:14.

Jos 10:14 En daar was geen dag soos hierdie een, voor hom en ná hom, dat die HERE na die stem van ‘n man geluister het nie; want die HERE het vir Israel gestry.

Dwarsoor die plek van samekoms en die omliggende gebied, was mense neergebuig in gebed en het hulle na God geroep: ‘Wees my genadig en help my om my hart vir U te gee!’ Hulle besorgdheid was so groot dat hulle hardop hulle sondes bely het, waarskynlik onbewus van die ander langs hulle. Dit was ‘n dag waarin ek oortuig is dat God die koninkryk van duisternis onder hierdie mense vernietig het.” **David Brianerd, - Crossweeksung Indian Revival, 1745.**

SELGROEP – WEEK 12

1. As God vir ons as mens 'n plek voorberei is dit mooi en wonderlik:Bv:

1.1 DIE TUIN VAN EDEN – vir Adam en Eva – Gen 2:8
1.2 DIE BELOOFDE LAND – vir die volk Israel – Exo 3:8
1.3 DIE HEMEL - vir elke gelowige – Joh 14:1-3

2. VIR HOMSELF , MOES GOD ELKE KEER DIE AANWYSINGS GEE WAAR HY SAL TUIS VOEL OM TE WOON:

2.1 Tabernakel – Exodus 26:1-37 ; Ex 40:34
2.2 Tempel van Salomo – 1Kon 6:11-38;1Kon 8:27
2.3 Tempel van Esra – Esra 1:2-3 ; Esra 6:12

3. WAAR WIL GOD VANDAG WOON ?

Lees: Hand 17:24 ; Hand 7:48-50 ; Rom 8:9 ; 1 Kor 3:16 ;[16] 1 Kor 6:19 .

4. GOD KAN NIE WOON WAAR ONS:

4.1 Sonde toelaat om oor ons te heers;
4.2 Ons liggame onteer ;
4.3 Ons Liefdeloos is; ons skinder en kwaadpraat ;
4.4 ons kwaad en bitter teenoor mekaar is, of
4.5 ons so' godsdienstig raak dat die Gees van God ons nie meer kan beweeg nie.

5. GOD WOON WAAR ONS :

5.1 God en mekaar liefhet (1 Kor 13 ; 1Joh 3:23) ;
5.2 Die Vrug van die Gees openbaar (Gal 5:20) ;
5.3 Ons LOFPRYS en AANBID (Ps 22:3) ;
5.4 Ons aan God en Sy Woord en Wil gehoorsaam is .(1Joh 3:24 ; Joh 14:22-23)

6. PLEK vir 'n PRINS / PRINSES –

Lees : 1 Peter 2:9 ; 1 SAM 16:1-13

Ons moet by **elke samekoms die volgende atmosfeer kan skep: (b/o)**

1. **VERGEET WAT AGTER IS – vers 1**= "Hoe lank gaan jy nog oor Saul treur
2. **BEREI JOUSELF VOOR -** Maak 'n horing vol olie (KRY SALWING)
3. **SIEN DIE PLEK WAAR GOD JOU WIL GEBRUIK -** en gaan na Betlehem toe
4. **SKEP 'n ATMOSFEER WAARIN GOD KAN WERK-** 'Ek het gekom om vir die Here 'n offer te bring
5. **SOEK DIE PERSOON WAT GOD WIL Sëen /SALF -** Isai en sy seuns gereinig en hulle na die offer toe genooi
6. **MOENIE AANNEMER WEES VAN DIE PERSOON NIE –** vers 7
7. **DOEN WAT GOD JOU VRA – vers 13**